**Donderdag 26 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 14:13-23 | Fokusgedeelte: Romeine 14:15-18 |
| --- | --- |

**God oorbrug verdeeldheid in sy koninkryk deur onbeskryflike omgee-liefde vir ekaar**

Verdeeldheid is ’n siekte wat ons as Christene in die gesig staar; en nie net die verdeeldheid tussen verskillende kulture nie, maar ook in die geloofsfamilie. Dit is ’n sonde wat so maklik, as gevolg van ons gebroke wêreld, ontstaan. Dit kan beslis as ’n eienskap van die wêreld gesien word, maar verseker nie ’n eienskap van die koninkryk van God nie.

Ons word vasgevang in situasies waar ons ons medegelowiges aanstoot gee en struikelblokke op hulle pad neerlê. Hierdie loop alles op verdeeldheid uit, oor: “Wat is feitelik die gepaste manier om sakramente te beoefen?”, of: “Wat is waarlik die korrekte manier van lofprysing: Psalms, Skrifberyminge of liedere?” of selfs: “Wat is eintlik die gepaste kleredrag vir ’n erediens?” Ons teenstellende sienings met ander familielede veroorsaak dus verdeeldheid.

Verdeeldheid maak inbraak op twee vrugte van die Gees, naamlik liefde en verdraagsaamheid (Gal. 5:22). God oorbrug egter hierdie verdeeldheid deur ons daarop attent te maak sodat ons met ’n onbeskryfbare, omgee-liefde na die harte van ons geloofsfamilielede kyk.

Hierdie is die tipe liefde wat ons verstand te bowe gaan (Ef. 3:19), wat ons denkwyses verskuif en wat die grens van verdeeldheid oorsteek. Dit is ook die tipe liefde wat ons daaraan herinner dat die koninkryk van God minder oor die materiële dinge handel, en meer oor die vrede en vreugde wat die Heilige Gees in ons wek. Paulus vertel vir ons van die nuwe lewe, en hoe om ’n voorbeeld vir ander te wees, deurdat ons na die harte van mense kyk. Dit is wanneer ons iets nie uit geloof doen nie dat ons ons vertroue op iets of iemand anders as Christus plaas. Wanneer ons die liggaam van God nie met onbeskryfbare liefde voed nie, word die liggaam deur die aanstoot verteer, en sodoende ly ons verder aan verdeeldheid.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Teologiese Student EA Venter (Erasmus)*